# BOEKBESPREKING

**Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Oranje-Vrystaat, No. 1. Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat (volledig met alle bylae daarby), Deel I (1854-1855),** Afgeskryf, toegelig en persklaar gemaak deur W. B. van der Vyver, M.A. (assistent-argivaris), onder leiding en met medewerking van J. H. Breytenbach, M.A., D.Phil. (Hoof, Publikasie-afdeling). Gedruk deur „Cape Times Ltd.", vir die Staatsdrukker, Kaapstad, 1952. Prys nie vermeld nie (gewoonlik £2-2-0).

„Met die verskyning van hierdie boek is nou ook in die Vrystaatse Argief 'n begin gemaak met die publikasie van Argiefstukke in ooreenstemming met die skema vir die sistematiese publikasie van die vernaamste reekse dokumente in elkeen van die bestaande Argiefdepôts van die Unie van Suid-Afrika, wat deur die publikasie-afdeling van die Argiewe uitgewerk en deur die Argief-kommissie goedgekeur is." (Inleiding).

Die verskyning van die eerste deel dokumente uit die Vrystaatse Argief is 'n verdere mylpaal op die weg van die betreklik resente beleid om dokumente wat in die Suid-Afrikaanse argiewe berus te publiseer. Heelparty dokumente uit die Kaapse en Pretoriase argiewe het, ooreenkomstig hierdie beleid, al die lig gesien. Die feit dat, hoewel daar ouer dokumente in die Vrystaatse argief berus, die publikasie-afdeling, met goedkeuring van die Argief-kommissie, besluit het om die republikeinse stukke, en veral die wat met die wetgewing te doen het, eerste te publiseer, is 'n bewys van die versiendheid van die betrokke instansies. Die republikeinse tyd was en is vandag nog 'n uiters belangrike tydperk in ons geskiedenis.

Die twee here wat met die publikasie van hierdie werk te doen gehad het, verdien alle lof vir die insiggewende inleiding waarvan hulle die boek voorsien het, die bekwame wyse waarop die dokumente in die aantekeninge toegelig word, en die deeglike register aan die einde van die werk. Spesiale vermelding verdien die kritiese behandeling van dokumente. (Vgl. bv. die aantekening op bl. 194 by die Konstitusie van die O.V.S.). Dit is voorwaar 'n uiters moeitevolle arbeid om oorspronklike dokumente te ontsyfer, af te skrywe en krities te behandel. Die werk van die publikasieafdeling van die Argief, onder die bekwame leiding van dr. Breytenbach, met 'n assistent-argivaris in elkeen van die depots (in hierdie besondere geval mnr. Van der Vyver van die Vrystaatse argief), is van onskatbare waarde vir navorsers.

Ons kan nie nalaat nie om ook 'n woord van waardering te spreek teenoor die Minister van Onderwys, Wetenskap en Kuns vir die fondse wat deur hom beskikbaar gestel word vir die publikasie van dokumente. Terloops kan ook daarop gewys word dat groot bedrae deur dieselfde Departement bestee word aan die verfilming van dokumente wat in die argiewe berus. Die Minister en sy Departement bewys hierdeur 'n biae groot diens aan ons volk en land, want: (a) dit red duisende dokumente van vernietiging ten gevolge van gedurige hantering; (b) dit vergemaklik die taak van en bespaar groot uitgawes vir navorsers; (c) dit is 'n aansporing tot navorsing. Ons wil die hoop uitspreek dat die Departement nie alleen met hierdie goeie besteding van geld sal voortgaan nie maar dat dit vir die huidige Minister sowel as die persone wat in die toekoms tot hierdie groot taak geroep sal word, moontlik sal wees om steeds groter bedrae beskikbaar te stel sodat die personeel van die publikasie-afdeling vergroot kan word, met 'n gevolglike bespoediging van publikasies.

Die hele afwerking, druk en band van die boek getuig van uitstekende vakmanskap.

J. S. DU PLESSIS.

---

**Prof. dr. S. du Toit: Handleiding vir die Studie van die Kerkgeskiedenis, met af delinge oor Sendinggeskiedenis, Kerkregering en Erediens.** Derde hersiene uitgawe. Pro Rege-pers, Potchefstroom. 1952. Harde band. Prys 12/3 (posvry, 12/6); vir kerkrade: 9/9 per eksemplaar plus versendingskoste.

Hierdie werk van prof. du Toit is goed bekend. Daarvan getuig die feit dat dit sedert 1941, toe dit vir die eerste keer verskyn het, in 1952, met enkele aanvullinge, alreeds 'n derde druk kon beleef en dat van die eerste twee uitgawes 10,000 eksemplare verkoop is.

Oorspronklik is die werk geskryf as 'n handboek by die onderrig van kerkgeskiedenis in die katkisasieklasse van die Gereformeerde Kerk. Die boek is egter vir baie meer mense van belang as net vir katkisasiekinders en -onderwysers. Dit gee naamlik 'n duidelike en kort samevatting, in 'n baie goeie en begryplike taal, van die hele geskiedenis van die Christelike kerk van sy ontstaan af. Die Hervormingsperiode word baie deeglik behandel asook die hele uitwerking daarvan. In die tweede helfte van die werk volg dan 'n ewe duidelike oorsig van die Vaderlandse Kerkgeskiedenis, gevolg deur 'n oorsig van die geskiedenis van die sending in die algemeen en in Suid-Afrika in die besonder. Ter afsluiting volg 'n paar hoofstukke oor kerkregering en die erediens, met 'n baie belangrike aanhangsel oor die pligte van 'n belydende lidmaat.

Die groot waarde van die werk is m.i. dat dit vir ons in een band baie en uiters belangrike stof bied, wat andersins met groot moeite uit 'n groot hoeveelheid werke verkry sal moet word. Prof. Du Toit het op meesterlike wyse daarin geslaag om 'n kort maar baie duidelike en volledige samevatting van die kerkgeskiedenis te gee, 'n taak wat beslis nie maklik moet gewees het nie. Hierdie werk is van groot belang vir en kan met veel vrug gelees word deur ouer, kind, student en onderwyser.

Aan die uitgewers kom ook 'n woord van waardering toe vir die netjiese druk en duursame band.

J. S. DU PLESSIS.

Potchefstroom.

---

Van der Merwe, H. J. J. M.: **An Introduction to Afrikaans**; Balkema, Cape Town, 1951; 143 bll.

Dr. Van der Merwe is senior lektor in Afrikaans-Nederlands aan die Afdeling vir Eksterne Studie van die Universiteit van Suid-Afrika. Onder sy studente is daar baie wat 'n ander moedertaal as Afrikaans het; hoofsaaklik gebruik hulle Engels as voertaal by hul gevorderde studies. Daarom is die boekie in Engels geskryf. Na ek die boekie deurgelees het, het ek op die gedagte gekom: waarom word dit nie ook in Afrikaans uitgegee nie? Dit is so 'n uitmuntende inleiding tot Afrikaans as taal dat Afrikaanssprekendes dit met net soveel vrug kan gebruik as nie-Afrikaanssprekendes. Ek self kon verbasend veel daaruit eer- Natuurlik is dit 'n leerboek en moet dan ook veral as 'n bydrae tot die opvoedkunde beskou word. Dr. Van der Merwe slaag uitstekend daarin om selfs moeilike sakə in Afrikaans as taal glashelder en gesaghebbend te stel. Die nie-Afrikaansspre. kende student het werklik 'n voorreg om uit so 'n handleiding te studeer.

Die boekie behandel agtereenvolgens hierdie onderwerpe; die fonetiese alfabet die afkoms van Afrikaans, die Afrikaanse klankstelsel (bll. 23-44), vormleer (bll. 45-76), voegwoorde, anglisismes. Dit sluit af met 'n reeks pragtige en geskikte algemene oefeninge (bll. 99-108) en met 'n goed gekose woordelys (bll. 109-143)—die laaste maak al die uitgawe van die werk baie nodig. Die Woordelys is alfabeties na die Engelse woorde gerangskik. Die keuse van woorde en frases is besonder gelukkig en die metode van vertaling (en verduideliking) uiters prysenswaardig.

Werklik 'n goeie boek vir gevorderde leerlinge en beginners in gevorderde Afrikaans.

J. CHR. COETZEE